



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE
# SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# JUNIE 2023

# GESKIEDENIS V1
# ADDENDUM

Die addendum bestaan uit 14 bladsye.

## VRAAG 1: WAT WAS DIE REDES VIR DIE BOU VAN DIE BERLYNSE MUUR IN AUGUSTUS 1961?

### BRON 1A

Die volgende bron beskryf die ekonomiese toestande in Oos-Berlyn tussen 1959 en 1961.

Wes-Berlyn, wat diep in die omliggende Oos-Duitsland (DDR) geleë was, het beide probleme en geleenthede vir die oostelike blok gebied. Die DDR-ekonomie het inderdaad groot vordering gemaak om die oorlog verwoesting en Sowjet aftakeling te oorkom, wat ongeveer 30 persent van die bedryf verwyder het, maar vervaardiging was steeds swak en het onder kwynende (afnemende) grondstowwe en mannekrag gebuk gegaan. Buiten produksie knelpunte, was daar ŉ verbruikskrisis. 1958 het die opheffing van rantsoenering ingehou, maar tog was verspreiding ongelyk aan die toenemende vraag na selfs basiese voedsel en klere. Die gedwonge kollektivisering van die landbou, wat in die lente van 1960 versnel het, het die probleem in die openbare oog net vererger. Toe kom die dreigement van ŉ verbod van Wes-Duitse uitvoer na die DDR …

Terwyl Wes-Duitsland die Ruhr se swaar nywerheid beheer en voordeel uit Marshall-hulp getrek het, was die DDR nie selfvoorsienend in grondstowwe nie en het ŉ tekort aan harde steenkool en ystererts gehad.

Tussen 1945 en 1961 het ongeveer een uit elke ses Oos-Duitsers die land verlaat. Ingenieurs en geskoolde werkers het in onvervangbare getalle die land verlaat. Diegene wat agtergebly het, kon ook ernstige probleme veroorsaak. Terwyl die bevolking van Wes-Duitsland van 1948 tot 1961 van 47,3 tot 56,2 miljoen toegeneem het, het die DDR, ondanks ŉ geboorte-surplus, van 19,1 tot 17,1 miljoen afgeneem. Hierdie massiewe breindrein het die DDR in ŉ stryd om oorlewing gedwing. Nie die supermoondhede, of hul bondgenote kon die uittog beheer nie. In Junie 1961 het Nikita Khrushchev drie Westerse moondhede in kennis gestel om Wes-Berlyn binne ses maande te ontruim. Die Kremlin-leier het die westelike stad nog altyd as ŉ 'swerende wond' op die DDR beskou.

[Uit *Behind the Berlin Wall deur* Patrick Major]

**BRON 1B**

Die onderstaande bron is ’n uittreksel van ’n toespraak wat die Amerikaanse president John F. Kennedy tydens die Berlynse krisis op 25 Julie 1961 aan Amerikaanse burgers gelewer het. President Kennedy verduidelik die Amerikaanse reaksie op die Russiese dreigemente.

... In Berlyn, soos u onthou, is hy van plan om deur ’n haal van die pen eers ons wettige regte in Wes-Berlyn tot ’n einde te bring; en tweedens ons vermoë om ons toewyding/verbintenis tot die twee miljoen vrye mense van daardie stad na te kom. Dit kan ons nie toelaat nie.

… Die onmiddellike bedreiging vir vrye mense is in Wes-Berlyn. ... Ons teenwoordigheid in Wes-Berlyn en ons toegang daartoe kan nie beëindig word deur enige daad van die Sowjet-regering nie. Die NAVO-skild is lank gelede uitgebrei om Wes-Berlyn te dek en ons het ons woord gegee dat ’n aanval op daardie stad as ’n aanval op ons almal beskou sal word. ... Ons kan en sal nie toelaat dat die kommuniste ons geleidelik, of met geweld uit Berlyn verdryf nie.

Gevolglik neem ek nou die volgende stappe:

1. Ek versoek môre die kongres vir ’n bykomende $3,247 miljard se toekennings vir die weermag vir die huidige boekjaar.

2. ... Ek versoek ’n toename in die weermag se totale gemagtigde sterkte van 875 000 tot ongeveer een miljoen man.

Die wêreld word nie mislei deur die kommunistiese poging om Berlyn as ’n broeikas van oorlog te bestempel nie. Daar is vandag vrede in Berlyn. Die bron van wêreldprobleme en spanning is Moskou, nie Berlyn nie. En as die oorlog begin, sal dit in Moskou begin het en nie Berlyn nie. Die keuse van vrede of oorlog is grootliks hulle s'n, nie ons s'n nie. Kortom, terwyl ons gereed is om ons belange te verdedig, sal ons ook gereed wees om vrede na te streef – in stille verkennende gesprekke, in formele of informele vergaderings. Ons wil nie hê dat militêre oorwegings die denke van Oos of Wes moet oorheers nie.

[Uit https://alphahistory.com/coldwar/john-f-kennedys-address-berlin-crisis-1961/. Toegang op 23 Februarie 2022 verkry.]

**BRON 1C**

Die volgende bron verduidelik hoe Rusland die grens tussen Oos- en Wes-Berlyn op 13 Augustus 1961 gesluit het.

Khrushchev en Ulbricht het besluit dat hulle die grens sou sluit gedurende die vroeë oggend van 13 Augustus, ʼn Sondag, wanneer daar min verkeer sou wees en min werkers heen en weer sou beweeg. ... hy het beweer dat Adenauer spioene deur Wes-Berlyn na Oos-Duitsland en Oos-Europa stuur. Dit was die hoofredes, het hy aangevoer, om die grens toe te maak. Khrushchev het die grens langs Wes-Duitsland en rondom Berlyn met Sowjet magte versterk. Hy was van plan om die stad te omsingel met ʼn ysterring deur doringdraad langs die grens in te ryg en dan, as die bondgenote nie gedurende die eerste paar dae optree nie, ʼn betonmuur daar oprig ..


Die Westerse amptenare het vinnig besef dat hulle nie die doringdraad kon probeer verwyder nie. ... In die ure nadat die grens gesluit het, het Oos-Berlyners wat na Wes-Berlyn wou kom, besef dat hulle vinnig sou moes beweeg. Sommige van hulle het oop plekke in die doringdraad gevind en op 13 Augustus of die volgende dae gevlug. Ander het oor die dele van die Teltow-kanaal en die Spree-rivier geswem wat tussen Oos- en Wes-Berlyn vloei waar daar toe slegs ʼn paar Oos-Duitse polisie aangewys was om te bewaak. Ander het gevlug of oor die minder swaar bewaakte dele van die doringdraad gesluip.

So het Oos-Duitse konstruksiespanne op 16 Augustus begin om ʼn muur van betonblokke langs die sektorgrense en oor die grootste deel van die strate tussen Oos- en Wes-Berlyn te bou. Hulle het die nuwe betonversperring gebou wat gou in die pers as die Berlynse Muur bekend geword het.

[Uit *Kennedy and the Berlin Wall* deur W.R. Smyser]

**BRON 1D**

Die foto hieronder toon Oos-Duitse werkers wat bakstene lê tydens die bou van die Berlynse Muur in November 1961.



[Uit https://www.bbc.co.uk/bitesize/guides/z8xgsrd/revision/3. Toegang op 23 Februarie 2023 verkry.]

## VRAAG 2: WAAROM HET DIE ANGOLESE BURGEROORLOG VAN 1975 DIE SLAGVELD VAN DIE KOUE OORLOG IN AFRIKA GEWORD?

**BRON 2A**

Die volgende bron verduidelik hoe die einde van Portugese koloniale bewind in 1975 tot wedywering tussen die bevrydingsbewegings gelei het.

Die leiers van die drie Angolese bewegings het in Mombasa bymekaargekom waar hulle mekaar se legitimiteit (wettigheid) erken het. Op 15 Januarie 1975 het die drie bewegings in Alvor in Suid-Portugal, ŉ onafhanklikheidsooreenkoms met Portugal onderteken wat vrede en ŉ werkende politieke toekoms vir Angola beloof het. Die Alvor-ooreenkoms het ŉ oorgangsregering bemagtig om Angola te administreer vanaf 31 Januarie 1975 tot verkiesings, wat later daardie jaar gehou sou word om ŉ nuwe regering te bepaal.

Toe die Portugese vlag op 10 November 1975 vir die laaste keer oor Angola laat sak is, het die hoë kommissaris soewereiniteit (mag) aan alle Angolese oorgedra en nie aan een beweging in die besonder nie. ... Die wedywering (kompetisie) om oorheersing (beheer) onder hulle het nou as ŉ prioriteit na vore getree. ... Die bewegings wou hulself nou van aangesig tot aangesig met mekaar legitimeer (regverdig). Die bewegings het nou uitsluitlik hulp gesoek om hul posisies, soos teen mekaar bereken, te versterk.

Teen die einde van die anti-koloniale oorlog het die MPLA, die FNLA en UNITA nie gesofistikeerde wapens gehad nie. ... hulle was weinig meer as ŉ versameling klein guerrilla-eenhede. ŉ Jaar later was kolomme van gemotoriseerde gepantserde draers, groot mortiere, vuurpyllanseerders, tenks en straaljagters egter almal in aksie toe die MPLA die gesamentlike magte van die FNLA en UNITA in ŉ hewige burgeroorlog om mag in Angola in die gesig gestaar het.

[Uit *The origins of the Angolan Civil War deur* Fernando Andresen Guimaraes]

## BRON 2B

Die onderstaande bron verduidelik hoe die VSA en Suid-Afrika by die Angolese Burgeroorlog van 1975 betrokke geraak het.

Die MPLA het hom ook tot Kuba gewend vir hulp ... wat 230 Kubaanse instrukteurs na Angola gestuur het. Versterk deur die toestroming van Russiese wapens en die steun van Kuba, het die MPLA die FNLA en UNITA uit Luanda verdryf. ... die oorgangsregering het in duie gestort, en die regering van Angola het effektief in die hande van die MPLA gebly.

Die Angolese burgeroorlog het in ŉ groot internasionale konflik ontaard, wat beide die Verenigde State van Amerika en Suid-Afrika ingetrek het in ŉ vasberade poging om te verhoed dat die Sowjet-gesteunde MPLA die mag verkry. Henry Kissinger, die Amerikaanse Minister van Buitelandse Sake, het tot die gevolgtrekking gekom dat tensy Amerika die Sowjet-aktiwiteite teëwerk, die groter magsbalans tussen die supermoondhede versteur sou word. Amerika het Kissinger gemagtig (opdrag gegee) om ŉ groot geheime operasie te begin wat wapens aan beide die FNLA en UNITA verskaf het.

Suid-Afrika het hul eie ingryping in Angola van stapel gestuur. Hulle het die Sowjet- en Kubaanse-ingryping beskou as deel van ŉ kommunistiese plan om Suider-Afrika te oorheers. Hulle het geglo dat Angola, onder ŉ pro-kommunistiese regering, waarskynlik ŉ springplank sou word vir nasionalistiese guerrillas van die South West Africa People's Organisation om Suidwes-Afrika aan te val wat deur Suid-Afrika beheer was. Suid-Afrika het gehoop vir die daarstelling van ŉ pro-Westerse regering in Angola wat na Suid-Afrikaanse belange gewysig kan word. Suid-Afrika wou aan die VSA sy waarde as ŉ lojale anti-kommunistiese streeksmoondheid demonstreer.

[Uit *The State of Africa* deur Martin Meredith]

**BRON 2C**

Hierdie bron gee ŉ uiteensetting van die redes en aard van die Kubaanse en Russiese ingryping in die Angolese burgeroorlog van 1974–1975.

Die Sowjet besluit om militêre hulp aan die MPLA in Maart 1975 grootliks te verhoog, het die aard van die Angolese konflik fundamenteel verander, ... die inspuiting van groot hoeveelhede hoë-tegnologiese wapens het diepliggende haat ontketen. Tussen Maart en November 1975 het die Sowjette altesaam sewe-en-twintig skeepsvragte en dertig tot veertig vragvliegtuie van wapens na die MPLA gestuur, wat die basiese materiaal vir ŉ gedugte FAPLA-leër verskaf het.

Op 3 November het die MPLA Politburo in ŉ noodsessie vergader en eenparig ŉ voorstel van Neto ondersteun om onmiddellike en massiewe versterkings van Havana aan te vra. Die Kubaanse reaksie het binne enkele ure gekom, Castro het ingestem tot die versoek nadat hy privaat met sy mees betroubare kollegas, onder wie sy broer Raúl was, geraadpleeg het. Van nou af sou alle valse voorwendsels van geheimhouding laat vaar word, aangesien Kuba ŉ militêre ingryping op ŉ ongekende (uitsonderlike) skaal geloods het. Die missie het die kodenaam 'Operasie Carlota' gekry.

Die moontlikheid dat tientalle Kubaanse personeel deur die Suid-Afrikaners gevange geneem of vermoor sou word – en dat ŉ anti-kommunistiese regime in Angola wortel sou skiet, sou Castro se aansien en invloed by sy Sowjet-beskermheer beslis verminder het. Dit is dus geen verrassing dat Castro se reaksie onmiddellik was nie, aangesien hy geen ander keuse gehad het nie. In November 1975 het Kuba die grootste ingryping in sy geskiedenis geloods en 36 000 troepe na Angola gestuur om sy Marxistiese bondgenoot te verdedig teen dubbele invalle deur Suid-Afrikaanse en Zaïrese magte.

[Uit *The Cuban Intervention in Angola, 1965–1991* deur Edward George]

## BRON 2D

Die foto hieronder beeld Russiese tenks in die hawe van Luanda en MIGs van die Angolese lugmag uit. Die foto's is in Februarie 1976 geneem.




[Uit: https://www.jstor.org/stable/al.sff.document.nizap2c00283. Toegang op 22 Februarie 2023 verkry.]

## VRAAG 3: HOE HET DIE VRYHEID SOMER-VELDTOG VAN 1964 BYGEDRA TOT DIE TOEKENNING VAN STEMREG AAN SWART AMERIKANERS WAT IN DIE 1960's IN DIE VSA GEWOON HET?

### BRON 3A

Die onderstaande bron verduidelik die redes vir die bekendstelling van die Vryheid Somer-veldtog in Mississippi in Junie 1964.

Mississippi het een van die laagste persentasie van geregistreerde swart kiesers gehad – net 1 uit 20. Met ŉ landwye swart bevolking wat 45 persent van die totale bevolking van die staat uitmaak, kon swartes die politiek beheer het in baie Mississippi-provinsies waar hulle die meerderheid uitgemaak het. Die staat was berug (beroemd) vir sy groot aantal sporadiese ophang van swartes, asook aanvalle op swartes.

Die veldtog om 'die stem uit te kry' in Mississippi ... het op dreef gekom in die somer van 1964. Die veldtog se aktiwiteite het vrywilligers van CORE, die SCLC, die NAACP en die SNCC betrek, wat grootliks saamgewerk het onder ŉ spesiale sambreel organisasie genaamd die Council of Federated Organisations (COFO).

Daardie somer, het COFO-lede versoek dat Noordelike blanke studente by hulle kiesersregistrasieveldtog moet aansluit. Meer as ŉ duisend het die oproep beantwoord. ... Burgerregte-leiers het geglo dat dit die veldtog sal help om groter media-aandag te kry. ... Blankes in Mississippi het hulle gehaat en beskou as inmengers, "probleem kleuters, seksueel losbandig, verslaaf aan interrasse-liefdesverhoudings, wat op kommunistiese leerstellings gebreinspoel was".

Tragedie het die veldtog vroeg in die somer getref toe twee blankes, Michael Schwerner en Andrew Goodman, en James Chaney, ŉ 21-jarige swart burgerregte-werker in Mississippi, skielik verdwyn het terwyl hulle kiesersregistrasie gereël het.

[Uit *The Civil Rights Movement – Striving for Justice deur* Tim McNeese]

## BRON 3B

Die volgende bron is ŉ uittreksel uit ŉ artikel wat deur joernalis Jonathan Steele geskryf en op die 18de Junie 1964 in *The Guardian* gepubliseer is. Jonathan Steele was ŉ lid van die Vryheid Somer-veldtog in Mississippi in Junie 1964 toe drie van sy mede-aktiviste vermoor is.

Die FBI was besig met ŉ landwye soektog na drie mans wat in Mississippi verdwyn het. ... Die vermiste mans was drie vrywillige aktiviste wat swart mense gehelp het om op te staan vir hul regte en te registreer om te stem in die diep Suide se mees gewelddadigste staat. Hulle is op 21 Junie deur die adjunk-balju van Neshoba-distrik gearresteer, ŉ paar uur aangehou en na donker vrygelaat. Twee dae later is hul uitgebrande stasiewa ontdek, maar die mans was nêrens te vinde nie.

James Chaney, 21, was ŉ swart burger van Mississippi, Micky Schwerner, 24, was ŉ Joodse aktivis van New York en Andrew Goodman, 20, was afkomstig uit ŉ hoër-middelklas New York-familie. ... Ons het dadelik aangeneem dat hulle opgehang (tereggestel/vermoor) was, as ŉ waarskuwing aan alle buite oproermakers (betogers). Mississippi se wetstoepassers het ŉ onverrassende gebrek aan kommer oor die nuus getoon.


Die families van Goodman en Schwerner het aksie geëis. ... Lyndon Johnson is gedruk om te wys hy is ŉ nasionale en nie net ŉ plaaslike politikus nie. Na ŉ paar weke het James Jordan, ŉ lid van die Ku Klux Klan, besluit om ŉ federale getuie te word ... en het die FBI na ŉ dam gelei waar die mans se liggame gevind is. ... Hy was op die toneel toe die moorde plaasgevind het: ... Die polisiemanne het hulle een vir een geskiet.

Die Vryheid Somer-veldtog het ook ŉ groot stukrag gegee aan die aanvaarding van die Wet op Stemreg van 1965, wat die meeste kunsmatige kwalifikasies vir registrasie verwyder het.

[Uit https://spartacus-educational.com/USAfreedomS.htm. Toegang op 23 Februarie 2023 verkry.]

**BRON 3C**

Die onderstaande bron is ŉ plakkaat wat die FBI op 29 Junie 1964 uitgereik het oor die verdwyning van die drie aktiviste van die Vryheid Somer-veldtog in Mississippi.



MISSING CALL FBI

THE FBI IS SEEKING INFORMATION CONCERNING THE DISAPPEARANCE AT PHILADELPHIA, MISSISSIPPI, OF THESE THREE INDIVIDUALS ON JUNE 21, 1964. EXTENSIVE INVESTIGATION IS BEING CONDUCTED TO LOCATE GOODMAN, CHANEY, AND SCHWERNER, WHO ARE DESCRIBED AS FOLLOWS:

| | ANDREW GOODMAN | JAMES EARL CHANEY | MICHAEL HENRY SCHWERNER |
|---|---|---|---|
| RACE: | White | Negro | White |
| SEX: | Male | Male | Male |
| DOB: | November 23, 1943 | May 30, 1943 | November 6, 1939 |
| POB: | New York City | Meridian, Mississippi | New York City |
| AGE: | 20 years | 21 years | 24 years |
| HEIGHT: | 5'10" | 5'7" | 5'9" to 5'10" |
| WEIGHT: | 150 pounds | 135 to 140 pounds | 170 to 180 pounds |
| HAIR: | Dark brown; wavy | Black | Brown |
| EYES: | Brown | Brown | Light blue |
| TEETH: | | Good: none missing | |
| SCARS AND MARKS: | | 1 inch cut scar 2 inches above left ear. | Pock mark center of forehead, slight scar on bridge of nose, appendectomy scar, broken leg scar. |

SHOULD YOU HAVE OR IN THE FUTURE RECEIVE ANY INFORMATION CONCERNING THE WHEREABOUTS OF THESE INDIVIDUALS, YOU ARE REQUESTED TO NOTIFY ME OR THE NEAREST OFFICE OF THE FBI. TELEPHONE NUMBER IS LISTED BELOW.

DIRECTOR
FEDERAL BUREAU OF INVESTIGATION
UNITED STATES DEPARTMENT OF JUSTICE
WASHINGTON, D. C. 20535
TELEPHONE, NATIONAL 8-7117

June 29, 1964

[Uit *Freedom Summer – The 1964 Struggle for Civil Rights in Mississippi deur* Susan Goldman Rubin]

## BRON 3D

Hierdie bron gee ŉ uiteensetting van die suksesse en uitdagings van die Vryheid Somer-veldtog op Swart Amerikaners wat in die 1960's in die VSA gewoon het.

Amerikaners regoor die land was geskok oor die moord op burgerregtewerkers en die brutaliteit wat hulle op hul televisies gesien het. Vryheid Somer-veldtog het die bewussyn van miljoene mense verhoog oor die lot van Swart Amerikaners en die behoefte aan verandering. Die swart inwoners van Mississippi het organiseringsvaardighede en politieke ervaring opgedoen. Omstandighede het verander nadat die Wet op Stemreg van 1965 die federale regering wettiglik bemagtig het om sy eie amptenare na plaaslike howe te stuur.

Teen die einde van 1966 het meer as die helfte Swart Amerikaners in die suidelike state geregistreer om te stem. In die daaropvolgende jare is baie verkies tot plaaslike kantore soos burgemeesters, skoolrade en polisiehoofde. Baie SNCC en CORE-personeel het belangrike loopbane in die staatsdiens gevolg. John Lewis van SNCC is verkies tot die Amerikaanse Kongres en Mary King van SNCC het beheer geneem oor die Peace Corps en Vista onder president Carter.

Die weiering van die Amerikaanse regering om sy eie burgerregtewette af te dwing, het diegene wat op federale ingryping gehoop het, ontnugter. ... Baie aktiviste was oortuig dat tradisionele politiek nie basiese burgerregte sou verseker nie. Sommige nasionale leiers, soos Malcolm X en Stokely Carmichael, het dus Swart Amerikaners begin aanspoor om hul regte 'op enige manier wat nodig is' aan te gryp. Hierdie sentiment het gehelp om die Black Power Movement en organisasies soos die Black Panthers te skep.

[Uit https://www.wisconsinhistory.org/Records/Article/CS3707 Toegang op 30 Maart 2023 verkry.]

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

*Behind the Berlin Wall* by Patrick Major

*Freedom Summer – The 1964 Struggle for Civil Rights* in Mississippi by Susan Goldman Rubin

https://alphahistory.com/coldwar/john-f-kennedys-address-berlin-crisis-1961

https://flashbak.com/berlin-wall-1961-1962-24115/

https://spartacus-educational.com/USAfreedomS.htm

https://www.jstor.org/stable/al.sff.document.nizap2c00283

https://www.wisconsinhistory.org/Records/Article/CS3707

*Kennedy and the Berlin Wall* by W. R. Smyser

*The Civil Rights Movement – Striving for Justice* by Tim McNeese

*The Cuban Intervention in Angola, 1965–1991* by Edward George

*The origins of the Angolan Civil War* by Fernando Andresen Guimaraes

*The State of Africa* by Martin Meredith

Kopiereg voorbehou